

6 Februarie

Lukas 9:23-27  
(Teks: Matteus 13:5)

### ***Die saad wat op die klipbanke val***

Mense met klipbankharte is mense wat vol geesdrif is as die saad van die Woord in hulle harte val. Maar, o wee! Daardie gloeiwarm geloof kan in 'n oomblik 'n dooie asklont word. Weet u wat met hierdie mense fout is? Hulle godsdiens is niks anders as gevoel nie. Hulle verstaan nie dat die Christelike geloof van 'n mens bekering en selfverloëning vra nie.

Omdat klipbankmense se godsdiens net uit gevoel bestaan, is daar nie vastigheid in die geloofslewe nie. As die son van beproewing hulle brand, verwelk die geloof en verdroog die entoesiasme. Dan is hulle nie bereid om hulleself te verloën, hulle kruis elke dag op te neem en Jesus te volg nie (Luk 9:23). Ja, hulle is vurige *hoorders*, maar as hulle geloof *in dade* geopenbaar moet word, is die vuur geblus.

Kan daar iets aan dié mense gedoen word? Ja, mits die rotsagtige plekke verwyder word, sodat daar *diepte* in hulle lewe kan kom. En dit kan en wil die Heilige Gees deur die Woord doen. In Jeremia 23:29 sê die Here duidelik dat sy Woord soos 'n hamer is waarmee klippe stukkend gebreek word.

As u 'n klipbankmens is - bid vurig dat die Heilige Gees u hart in ware berou mag verbrysel. En wat meer is: Stry met alle mag teen die Satan, die sondige wêreld en u boesemsonde. En bo alles: Vlug na Jesus Christus wat met sy kosbare bloed vir al ons sondes ten volle betaal en ons uit alle heerskappy van die duiwel verlos het.

Sing Psalm 86:6

Dr. C.J. Malan (Emeritus)